

Graad 9

Die Cape Town Holocaust & Genocide Centre bied met graagte agt (8) leseenhede aan wat die volgende Graad 9 KABV(CAPS) onderwerp dek:

Mislukking van die Weimar Republiek, die opkoms van Nazi-Duitsland, die aanvang van die Tweede Wêreld-oorlog in Europa, die Holocaust, mense se ondervindinge en weerstand

Eenheid 2

- Opkoms van Nazi-Duitsland as 'n rassistiese staat: Deel 1

Aan die einde van hierdie eenheid sal die leerlinge bekend wees met:

1. Betekenis van: Volksmoord, Holocaust, bevooroordeeldheid, stereotipering, sondebok
2. Nazi ideologie en die begrip van ras

**Nazi-Duitsland
1933 – 1945**



- Tweede Wêreld-oorlog (1939-1945)



- Volksmoord



- Holocaust

Hierdie eenheid dek die opkoms van Nazi-Duitsland as 'n rassistiese staat van 1933 tot 1945.

Waar twaalf jaar in geskiedkundige terme nie baie lank is nie, was die Nazi's in hierdie tydperk verantwoordelik vir 'n tweede wêreld-oorlog (1939-1945), sowel as die pleging van 'n volksmoord genoem die Holocaust.

'n Volksmoord geniet altyd die ondersteuning van die land se regering, ongeag of dit openlik of in geheim gedoen word.

Die woord, volksmoord, het nie bestaan voor 1945 nie. Alhoewel volksmoorde voorheen gepleeg was, was daar nog nie 'n woord daarvoor nie. Raphael Lemkin het die woord geskep deur "genos: tribe/Grieks" en "cide: killing /Latyns" saam te voeg en die woord "genocide/volksmoord" te vorm.

Dit was vir die eerste keer gebruik gedurende die Nuremberg-verhore na die Tweede Wêreld-oorlog

Volksmoord

- Die beplande, sistematiese uitwissing van 'n groep mense gebaseer op hul etnisiteit, nasionaliteit, geloof of ras.
- Dit word gewoonlik deur die land se regering ondersteun.

HOLOCAUST

Die Griekse woord - “holo” beteken “absoluut/totale” en “kaustos” beteken “verbranding”.

Hierdie term beskryf die volksmoord van die Joodse bevolking in Europa deur die Nazi's gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

Die Holocaust

Dit was die beplande, sistematiese moord van 6 miljoen Joodse mense , twee-derdes van die Jode in Europa, deur die Nazi-regering en hul medewerkers gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

Dit was nie die enigste volksmoord gepleeg deur die Nazi's nie. Hulle het ook 'n volksmoord uitgevoer teen die Roma en Sinti. Dit was die Porajmos genoem. Tussen 250 000 en 500 000 Roma en Sinti is deur die Nazi's vermoor

VOLKSMOORDE WORD GEPLEEG WANNEER MENSE AS “ANDERS” BESKOU EN VERONTMENSLIK WORD

Beskou die volgende woorde:

- **Etnisiteit**
- **Ras**
- **Sosio-ekonomiese status**
- **Geslag**
- **Ouderdom**
- **Geloof**
- **Gesondheid**
- **Beroep**
- **Huwelikstatus**
- **Ander(seksualiteit)**

Watter woorde sou jy gebruik om jou belangrikste, persoonlike kwaliteite te beskryf?

- Hoe sou jy jouself identifiseer? Wat, dink jy, sou die terme wees wat jou die beste sou definieer?
- Hoe sou jy ander mense beskryf?
- Wanneer jy iemand in die straat teenkom, sonder om die persoon te ken, watter woorde sou jy gebruik om die persoon te identifiseer of te beskryf?
- Watter woorde sou jy gebruik om 'n algemene indruk van 'n persoon te vorm?

Hoe, dink jy, sou ander mense jou beskryf?

Bevooroordeeldheid

- ‘n Opinie gevorm, goed of sleg, van ‘n persoon sonder om die persoon te ken, of ‘n rede te hê vir jou opinie

Stereotipe

- ‘n Veralgemening oor ‘n groep mense gebaseer op ‘n opinie, benadering of geloof. Dit is gewoonlik negatief. Stereotipes word gewoonlik aangeleer deur kulturele indrukke en daar word geen voorsiening gemaak vir individuele karaktertrekke of verskille nie.

Bevoordeeldheid en stereotipering lei dikwels tot die skepping van ‘n sondebok.

- ‘n Sondebok is ‘n persoon of groep mense wat geblameer word vir iemand anders se foute of wandade.
- Buitelanders van ander lande in Afrika word in Suid-Afrika gebruik as sondebok vir ekonomiese probleme soos werkloosheid.
- Sondebokke word geskep wanneer mense oningelig is oor die ontstaan van en redes vir probleme, sonder om volle verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.
- Die bestaan van ‘n sondebok verskaf die groep met ‘n gevoel van solidariteit. Hulle voel ook dat hulle die buitestaanders kan behandel soos hulle wil.
- Dis ‘n kwessie van “ons” teen “hulle” en dit lei tot verontmensliking.
- Sekere negatiewe karaktertrekke word toegeskryf aan die sondebokke. Die gemeenskap of regering gebruik dit om mishandeling van ‘n groep te regverdig.

Mense mag , sonder om ‘n persoon te leer ken, ‘n opinie vorm gebaseer op die persoon se ras, ouderdom, geslag of voorkoms.

Sonder enige feitlike informasie kan iemand bogenoemde faktore saamvoeg en verkeerde afleidings maak oor ‘n persoon se karakter. Dit word bevooroordeeldheid genoem.

Wanneer dit ‘n stap verder geneem word, en die oningeligte afleidings toegepas word op ‘n groep mense van dieselfde kulturele agtergrond, of ouderdom, of geloof, word dit stereotipering genoem.

In Suid-Afrika , met ons geskiedenis van apartheid en klassifikasie wat gebaseer was op velkleur, word diegene wat van ander lande in Afrika kom, gestereotipeer.

Baie van hierdie immigrante moes uit hul lande vlug as gevolg van burgeroorloë en vervolging.Hulle hoop om ‘n beter lewe in Suid-Afrika te kan maak, word ongelukkig gekniehalter deurdat hulle die sondebok gemaak word vir Suid-Afrikaners se probleme.

Sondebok

- ‘n Persoon of ‘n groep mense wat geblameer word vir die problem en wandade van ander mense

In Nazi-Duitsland, soos met meeste regerings,maar veral met die Nazi’s,het die skepping van ‘n sondebok gepaard gegaan met hul rassistiese ideologie

Rassiste glo dat....

- **Ras die bepalende faktor van menslike vermoëns is**
- **'n Sekere ras meerderwaardig is teenoor ander wat minderwaardig is**
- **Individu moet dan anders behandel word volgens hul rasseklassifikasie**

Ten spyte van die feit dat dit wetenskaplik bewys is dat alle mense se DNA 99.9% dieselfde is en dat die menslike anatomie wêreldwyd identies is, dat mense bloed kan deel deur bloedskenkings, dat persone van verskillende etniese groepe saam kinders kan hê – glo mense nog steeds dat daar verskillende rasse is, en rassisme spruit uit hierdie valse teorie.

Daar is slegs een ras en dit is die menslike ras.

Die Nazi's was rassiste

Mense wat na 'n persoon kyk en sekere karaktertrekke aan hom of haar toeskryf, gebaseer op voorkoms of velkleur, word in ons land en wêreldwyd gevind. Rassiste glo dat hulle groep meerderwaardig is en meer dinge kan doen as ander groepe, wat volgens hulle minderwaardig is. Dit was wat die apartheidse regering in Suid-Afrika geglo het, en mense is teenoor gediskrimineer a.g.v. hul rasseklassifikasie.

Omdat daar nog steeds mense is wat in die valse rasteorie glo, vind ons dat diskriminasie nog steeds plaasvind wêreldwyd.



Waar Suid-Afrika se rasklassifikasie gebaseer was op velkleur, het Nazi-Duitsland hulle s'n op bloed gebaseer.

- Hulle glo dat jou morele karakter deur jou bloed bepaal word.
- Volgens die Nazi's bevat jou bloed ook jou kultuur, of jy 'n "suiwer" Duitser is.
- Jou bloed bepaal ook jou patriotisme – of jy 'n goeie Duitser is en lojaal aan jou land is.
- Die Nazi's beweer ook dat daar sekere mense is wat nie goeie Duitsers kan wees nie as gevolg van hulle bloed.

Hulle glo dat hulle bloed meerderwaardig is en dat sekere groepe in Duitsland se bloed minderwaardig is.

Ideologie: Nazi Wêreldbeskouing

“Minderwaardig” volgens bloed

Jode Bloed bevat “bakterieë”

Roma Bloed is “krimineel”

Mense van kleur “Onsuiwer” bloed

Volgens die Nazi's het die Jode die slegste bloed gehad. Hulle bloed bevat glo “bakterieë.”

Die Roma en Sinti was almal beskou as misdadigers, aangesien hulle, volgens die Nazi's, “kriminele” bloed gehad het.

Mense van kleur se bloed was “onsuiwer”. Gestremdes se bloed was “siektdraend”.

Vir die Nazi's het dit alles gegaan oor bloedsuiwerheid. Al was daar Joodse mense met blonde hare en blou oë, talle wat soos ander sogenaannde “suiwer” Duitsers gelyk het, het dit gegaan oor hul bloed.

Mense met 'n donker velkleur het glo “onsuiwer” bloed gehad.

In die volgende eenheid sal ons hierdie idees van die Nazi's in meer besonderhede verduidelik, en hoe hulle dit op die Duitse bevolking toegepas het.

VRAE

1. Verduidelik, in jou eie woorde, wat die volgende terme beteken:

- a)** Volksmoord
- b)** Holocaust
- c)** Bevooroordeeldheid
- d)** Sondebok

2. Hoekom, dink jy, is dit voordelig vir regerings om 'n sondebok te skep?

3. Hoe, dink jy, kan ons stereotipering en die skepping van 'n sondebok vermy?

4. Suid-Afrika het velkleur gebruik om mense te skei en isoleer. Wat, volgens die Nazi's, het mense verskillend gemaak?

5. Dink jy mense se bloed is verskillend en dat dit hul karakter bepaal? Verskaf 'n rede vir jou antwoord.

ADDISIONELE HULPBRONNE

Cape Town Holocaust & Genocide Centre:

<http://ctholocaust.co.za/>

Cape Town Holocaust & Genocide Centre YouTube:

<https://www.youtube.com/channel/UCwVBUs5VqvsumuwDdzYIAaQ>

United Nations

<https://www.un.org/en/genocideprevention/genocide.shtml>

Encyclopedia Britannica

<https://www.britannica.com/event/Holocaust>